**Groepnotas - "Unbroken Fellowship with the Father"**

**Week 1**

**TEMA VIR DIE WEEK:** Ons is deel van God se ontwerp en alles het by Hom begin.

**INLEIDING:**
Ons begin vandag met 'n reeks wat ons dink die wese van menswees gaan kom uitdaag. Soos wat ons die lewe leef is daar baie "Ups and Downs" en ons probeer uit alles regtig sin maak vir ons lewe. In hierdie reeks bespreek ons aspekte van God se openbaring aan die mens wat die kern vorm van om uiteindelik lewens van vervulling en inpak te leef.

**SLEUTELSKRIF:** Johannes 1

**VRAAG OM TE ANTWOORD IN HIERDIE SESSIE:**

Hoe kan ek regtig vervulling in my lewe beleef?

**GESPREK:**
Vervulling begin by God
**Waaroor gaan dit?**

**Johannes 1:1-5; 18**

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. <u>Alle dinge</u> het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

- Johannes deel nie met ons net 'n stuk digkuns nie – Hy deel met ons teologie en verklaar aan ons die 'fellowship' wat daar tussen die Godheid bestaan in Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die goeie nuus vir ons is dat God dit nie net as 'n private ervaring vir die Godheid bedoel het nie maar Hy nooi ons nou ook uit om deel daarvan te wees.

- Dit is daarom belangrik om te sê, die rede vir ons verhouding met God is nie net om eendag hemel toe te gaan nie maar om in ‘n herstelde intieme verhouding met die Vader te leef.

**Ons is daarom ontwerp vir “fellowship”**

- Dit is wie ons uiteindelik is – ons is verhoudingswesens

**Johannes 1:4-5**

In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

- Enige iets wat ontwerp is vir ‘n spesifieke doel gaan seer en skade beleef wanneer dit buite daardie skeppingsdoel aangewend word.
- Enige iets buite ons ontwerp gaan seer en frustrasie in ons lewe bring.

**Johannes 1:14**

En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

- Hier sien ons dat God self die intieme verhouding tussen Homself en die mens inisieer het
- Hy het die eerste tree gegee
- Sonde, wat die mens weerhou het om in ‘n intieme verhouding met Hom te staan is geheel en al mee gedeel
- Daar bestaan nou nie skuld, skaampte en veroordeling nie.

**Johannes 1:10 -11**

Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

*God became what we are so we could become what He is. He didn’t wait for us to find Him. He found us. And He’s still doing that today*.

**Johannes 1:12**

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

- Hier lê ons oplossing
- Die vertrekpunt dus vir vervulling in die lewe lê in die feit dat ons Hom as ons verlosser aangeneem het – so begin ek hierdie intieme verhouding met Hom.
- Ek reageer op sy uitnodiging om in 'n intieme verhouding met Hom te groei

**PRAKTIESE TOEPASSING:**

- Vertel van die dag toe jy 'n duidelike, bewustelike keuse vir God gemaak het, Hom aangeneem het en Hom in jou lewe ingenooi het.
- Hoe het dit jou lewe verander?
- Hoe verstaan jy die konsep dat God 'n begeerte het om in 'n intieme verhouding met jou te wees?
- Bespreek die vreugdes wat jy al in jou intieme verhouding met God ervaar het en hoe dit vervulling in jou lewe gebring het.

**BID SAAM:**

- Draai twee of drie mense in die groep na mekaar en sê vir Jesus dankie dat Hy gekies het om die hemel te los en aarde toe gekom het sodat ons 'fellowship' met Hom te kan beleef.
- Vir jou persoonlik: Deel met Jesus jou vreugdes maar ook frustrasies en vertrou Hom vir 'n lewe van vervulling ongeag hoe die huidige omstandighede mag lyk.